# Jesus loop op die water

*Matteus 14:22-33*

1. ONTHOU: Lees Johannes 6:10-13. Beskryf die wonderwerk wat Jesus hier doen. Was daar toe genoeg kos vir almal?

*Jesus deel net die brood en die vissies uit. Daar was net 5 broodjies en 2 vissies, maar soo wat Jesus dit uitdeel word dit net meer en is daar genoeg kos vir meer 5000 mense. Daar het selfs nog oorgbely - 12 Mandjies vol!*

2. Lees Matteus 14:22. Matteus praat van "Net daarna"... waarvan praat hy? "Na" wat?

*Matteus verwys na die vorige gebeure in die teks net voor Matt 14:22. Dit handel presies oor die wonderwerk waarvan ons laas week in Joh 6 gelees het van die vermeerdering van die brood. Dit is belangrik dat ons oë sal oop wees vir aanwysers in die Bybel van wat volg op wat sodat ons die groter prentjie/boodskap beter kan verstaan en ons teks beter verstaan omdat ons weet hoe dit by die groter verhaal inpas. Jesus doen hier 2 groot wonderwerke na mekaar.*

3. Lees Matteus 14:24-25. Het Jesus nie maar net in die vlak water, met sy voete in die water, na die dissipels se boot toe aangestap gekom nie?

*Die teks maak dit vir ons duidelik dat die boot alreeds 'n paar kilometer in die see in was en dat Jesus bo-op die water geloop het. Hy moes in die aand al begin stap het om teen dagbreek al by hulle te kon aankom en het dus 'n hele end oor die see gestap om by die dissipels uit te kom.*


4. Lees Matteus 14:28-29. Waarom vra Petrus vir die Here om hom te beveel om ook op die water te loop?

*Petrus was Jesus se dissipel en Jesus was sy Rabbi (Leermeester). In daardie tyd het die dissipels probeer om by hulle Rabbi te leer doen en sê presies wat hy doen. Jesus het vir Petrus as sy dissipel gekies omdat Hy geglo het dat Petrus kan doen wat Hy doen. Hierdie was Petrus wat met sy hele wese 'n goeie dissipel (navolger) van Jesus wou wees en presies wil kan doen wat Hy doen.*

5. Matteus 14:30. Petrus wat eers op die water loop en dan sink, leer vir ons iets oor dit waarop ons regtig moet fokus. Wat is dit?

*Petrus haal sy fokus van die Here af en begin rondom hom die stormagtige see raaksien en word dan bang. So moet ons ook onthou om ons fokus op die Here te hou en op Hom te vertrou in elke situasie. Die lewe is maar rof en daar gebeur baie dinge rondom ons wat ons aandag kan aftrek en maak dat ons misluk, maar die Here wil hê dat ons op Hom moet vertrou en op Hom en sy wil moet fokus.*

6. Lees Matteus 14:31. Die Here vra vir Petrus waarom hy begin twyfel het. Waarin dink jy twyfel Petrus? *Petrus begin in homself twyfel of hy werklik in staat is om te doen wat sy Rabbi, Jesus, doen. Maar Jesus weet dat Hy dit kan doen, omdat Hy hom self die krag gee! So moet ons besef dat die Here ook in ons die vertroue stel om sy werk te doen, om te doen wat Hy doen. Daarom moet ons ook daarna strewe om sy dissipels te wees en sy voorbeeld te volg!*



WESKERK KIDZ
waar elkeen sy kerk is